education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## GESKIEDENIS V2

## MODEL 2007

**PUNTE: 150**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 11 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE vrae, gebaseer op die voorgeskrewe inhoudraamwerk vir 2007, wat soos volg is:

   VRAAG 1: Pseudo-wetenskaplike Rassisme en Sosiale Darwinisme
   VRAAG 2: Impak van die Tweede Wêreldoorlog op Afrika
   VRAAG 3: Apartheid

2. Elke vraag tel 75 punte en begin met 'n sleutelvraag.

3. Kandidate moet TWEE vrae beantwoord. Elke vraag bestaan uit beide die brongebaseerde vraag wat 45 punte tel en langer skryfwerk wat 30 punte tel.

4. Kandidate se antwoorde moet die toepassing van kennis, vaardighede en insig demonstreer.

5. Om regstreeks uit bronne aan te haal, sonder enige relevansie, sal tot die nadeel van kandidate strek.

6. Skryf netjies en leesbaar.

**VRAAG 1**

**WATTER IMPAK HET EUGENETIKA OP PSEUDO-WETENSKAPLIKE RASSISME GEHAD?**

Bestudeer Bronne 1A, 1B en 1C om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die konsep *eugenetika*. (1 x 2) (2)

1.1.2 Verduidelik of eugenetika as 'n wetenskap ondersteun kan word. (2 x 2) (4)

1.1.3 Wat, volgens hierdie bron, was die doel van eugenetika? (1 x 2) (2)

1.1.4 Verduidelik waarom jy met die volgende stelling sou saamstem of nie saamstem nie:

Die rasverbeteringsleer werk met die natuurwette saam deur te verseker dat die mensdom deur die sterkste rasse verteenwoordig sal word. (2 x 2) (4)

1.2 Verwys na Bron 1B.

1.2.1 Wat sê die illustrasie oor eugenetika? (2 x 2) (4)

1.2.2 Verduidelik of die boom 'n akkurate weergawe van eugenetika is. (2 x 2) (4)

1.2.3 Die eugenetikabeweging het beweer dat indien hulle filosofie gevolg word ' 'n beter en meer harmonieuse gemeenskap gestig sou word'. In hoe 'n mate ondersteun jy hierdie argument? (2 x 3) (6)

1.2.4 Hoe, dink jy, sou liggaamlik gestremdes op die filosofie van eugenetika gereageer het? (2 x 2) (4)

1.3 Verwys na Bronne 1A en 1B. In watter opsig vul hierdie bronne mekaar aan met betrekking tot die filosofie van eugenetika? (2 x 2) (4)

1.4 Bestudeer Bron 1C.

1.4.1 In watter mate het die eugenetikabeweging die skryf van *Mein Kamph* beïnvloed? (1 x 2) (2)

1.4.2 Op watter wyse, dink jy, was die eugenetikabeweging óf voordelig óf nadeling vir rasseverhoudings? (2 x 2) (4)

1.5 '... al die prestasies op die gebied van die kunste, die wetenskap en tegnologie wat ons vandag voor ons sien, is bykans uitsluitlik die kreatiewe produk van die Ariese ras ... hy alleen was die stigter van alle hoër vorme van menswees ... .'

Verduidelik in watter mate Bron 1A Hitler se denke in Bron 1C ondersteun. (5)

1.6 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

1.6.1 Eugenetika het grootliks tot Hitler se ideologie van die 'Herrenvolk' bygedra. Bespreek. (30)

**OF**

1.6.2 Deur van AL die bronne en jou eie kennis gebruik te maak, verduidelik hoe die teorieë van eugenetika, pseudo-wetenskaplike rassisme beïnvloed het. (30)
**[75]**

**VRAAG 2**

**HOE HET AFRIKA-LANDE HULLE ONAFHANKLIKHEID VAN KOLONIALE HEERSKAPPY VERKRY?**

Gebruik Bronne 2A en 2B om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom, volgens hierdie bron, het Arden-Clarke die 'moeilikste besluit van sy loopbaan die hoof (te) bied'? (2 x 2) (4)

2.1.2 Hoekom het amptenare van die Britse regering na Kwame Nkrumah as ' 'n gevaarlike moeilikheidmaker en deurtrapte kommunis' verwys? (2 x 2) (4)

2.1.3 Wat het Nkrumah aangespoor om sy eie politieke party te stig? (2 x 2) (4)

2.1.4 Watter impak, dink jy, sou die stelling 'soek eers die politieke koninkryk en alle ander dinge sal volg' op die mense van Ghana gehad het? (2 x 2) (4)

2.1.5 Hoe was Brittanje van voorneme om Ghana na onafhanklikheid te lei? (2 x 2) (4)

2.1.6 Hoe, dink jy, sou die volgende leiers op die verkiesingsuitslae reageer het:

(a) Kwame Nkrumah
(b) Arden-Clarke (2 x 2) (4)

2.1.7 Watter rol, dink jy, het Afrika-nasionalisme in Ghana se onafhanklikheid gespeel? (2 x 2) (4)

2.2 Verwys na Bron 2B.

2.2.1 Verduidelik die voglende begrippe:

(a) Winde van verandering ('Winds of change')
(b) Swart nasionalisme (2 x 2) (4)

2.2.2 Verduidelik in watter mate die spotprenttekenaar se voorstelling van die gebeure in Afrika akkuraat is. (2 x 2) (4)

2.2.3 Hoekom, dink jy, word na Suid-Afrika verwys as 'Privaat Bly Weg'? (2 x 2) (4)

2.3 Bestudeer Bronne 2A en 2B. Verduidelik hoe bruikbaar hierdie bronne vir 'n historikus is wat die gebeure wat na die onafhanklikheidswording die Afrika-state gelei het, bestudeer. (5)

2.4 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

2.4.1 Bespreek die faktore wat tot die Afrika-state se verkryging van onafhanklikheid van koloniale regering bygedra het. (30)

**OF**

2.4.2 Deur van AL die bronne en jou eie kennis gebruik te maak, skryf 'n verslag vir jou skool se geskiedenistydskrif waarin jy die rol wat Kwame Nkruhah gespeel het om Ghana na onafhanklikheid te lei, assesseer. (30)
**[75]**

**VRAAG 3**

**WAAROM HET DIE VRYHEIDSMANIFES 'N DOKUMENT VIR DIE MENSE SE STRYD TEEN APARTHEID GEWORD?**

Gebruik Bronne 3A, 3B, 3C, 3D en 3E om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Verduidelik die term *apartheid*. (1 x 2) (2)

3.1.2 Wat was die eise van die mense? (1 x 3) (3)

3.1.3 Verduidelik waarom grond so 'n belangrike rol in die verset teen apartheid gespeel het? (2 x 1) (2)

3.2 Gebruik Bron 3B.

3.2.1 Wat word onder die term *resolusie* verstaan? (1 x 2) (2)

3.2.2 Verduidelik waarom jy die opstel van die Vryheidsmanifes as demokraties sal beskou. (2 x 2) (4)

3.2.3 Watter probleme het die organiseerders, wat die Vryheidsmanifes opgestel het, ondervind? (2 x 2) (4)

3.2.4 Hoe bruikbaar is hierdie bron vir 'n historikus wat die opstel van die Vryheidsmanifes bestudeer? (2 x 2) (4)

3.3 Hoe ondersteun die bewyse in Bron 3A die bewyse in Bron 3C rakende die eise van mense? (2 x 2) (4)

3.4 Bestudeer Bronne 3C en 3D.

3.4.1 Jy word gevra om 'n aandenkingsbrosjure vir die 50$^{ste}$ herdenking van die Vryheidsmanifes te ontwerp. Verduidelik watter EEN van die twee bronne jy in jou brosjure sal gebruik. (2 x 2) (4)

3.4.2 Verduidelik die verskil in die stemming van die mense soos in Bronne 3C en 3D uitgebeeld. (2 x 2) (4)

Kopiereg voorbehou 

3.5 Lees deur Bron 3E.

3.5.1 'Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon' en 'Alle nasionale groepe sal gelyke regte hê'. Hoekom sal 'n ondersteuner van Pan-Afrikanisme NIE hiermee saamstem nie? (2 x 2) (4)

3.5.2 Verduidelik waarom die Nasionale Party teen hierdie dokument gekant was. (2 x 1) (2)

3.5.3 'Deure van geleerdheid en kultuur moet oopgemaak word.' Stem jy saam met hierdie beginsel of nie? Verduidelik jou antwoord. (1 x 3) (3)

3.6 Bestudeer Bronne 3A, 3B en 3E.

3.6.1 Verduidelik in watter mate die griewe waarna Bron 3A verwys word, in Bron 3C aangespreek is. (1 x 2) (2)

3.6.2 Watter eis in Bron 3B word in Bron 3E aangespreek? (1 x 2) (2)

3.7 LANGER SKRYFWERK
(Jou antwoord moet ongeveer 2 bladsye lank wees.)

3.7.1 Die Vryheidsmanifes was 'n aanval op die onregverdigheid van apartheid. Bespreek. (30)

**OF**

3.7.2 Die Vryheidsmanifes het 'n skrywe aan die African National Congress (ANC) gegee - 'n duidelike aanduiding van hulle eise. Deur van AL die bronne en jou eie kennis gebruik te maak, skryf 'n opstel waarin jy verduidelik hoekom die Vryheidsmanifes die hoeksteen van die mense se stryd teen apartheid geword het. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou